

PREEK
29 Julie 2007
Ds Freddie Schoeman

Psalm 23 is seker een van die geliefdste Psalms in die Bybel. En met goeie rede. Dit spreek van die grootste en diepste lewensprobleme wat mense ondervind op 'n helder, duidelike en direkte manier aan. Hierdie Psalm het al talle mense getroos, bemoedig en weer laat opstaan as hulle geval het.

Daar is sewe probleme in die lewe wat ons almal van tyd tot tyd ervaar wat deur hierdie Psalm aangespreek word.

Laas het ek net 'n vinnige oorsig gegee oor die probleme. Wil nou elkeen van hierdie probleme een vir een neem en dit deurtrap – kyk wat hierdie Psalm daarvoor sê.

- Bekommernis
- Besig wees - lewensmoegheid
- Beskadigde siel (intense emosionele skade)
- Besluitneming
- Bangheid (Vrees)
- Broosheid (Pyn en seerkry)
- Beangs vir toekoms (Vrees vir toekoms)

Eerste probleem: Bekommernis

Vorige keer reeds gesê: Daar is baie dinge wat ons bekommerd maak: ons werk, die situasie in die land, misdaad, ons kinders, ons huwelik, ons finansies, ons gesondheid ens. ens. Ons het *goeie* rede om bekommerd te wees! Enige goeie, redelike, nadenkende mens wat nie met sy kop in die wolke leef nie sal bekommerd wees. Die vraag is net: help dit om bekommerd te wees? Nee. Daar is drie probleme met bekommernis:

Bekommernis is ...

Onproduktief: dit los nie die probleem op nie. Dis soos om in jou kar te klim en die petrol te trap sonder om dit in rat te sit – baie geraas maar weer eens gaan jy nêrens heen nie.

Dit verander nie verlede nie. Dit het ook geen effek op die toekoms nie. Dit maak ons net ongelukkig in die hede.

Onredelik: (Dom) Maak glad nie sin nie. Dit is onredelik om bekommerd te wees oor iets wat jy nie kan verander nie. En as jy

dit kan verander, verander dit – moenie tyd mors deur bekommerd te wees nie!

Ongesond: Ons liggame is nie gebou om bekommerd te wees nie. Dit maak mense letterlik siek. Dit gaan sit in jou maag en veroorsaak maagsere en allerhande ander gesondheidsprobleme. Hoe vinniger jy kan ophou bekommer hoe gesonder gaan jy wees!

Vandag wil 'n vierde aspek byvoeg:

Ongelowig: (Matteus 6)

³¹ *“Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie. ³²*
Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.

Bekommernis is 'n mosie van wantroue in God. Bekommernis is praktiese ateïsme. Dis om te sê: God gaan nie doen wat Hy sê Hy gaan doen nie. Hy gaan nie sy beloftes nakom nie. Hy gaan nie vir my sorg soos Hy sê nie. Hy gaan my nie help nie, Hy gaan my nie beskerm nie. Dit is absoluut nutteloos om op God te vertrou.

God se antwoord

Wat is God se antwoord op die probleem van bekommernis?

Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. (Groen weivelde)

As ons weet dat die Here ons Herder is – dan is daar geen rede vir bekommernis nie. Wat doen 'n herder?

- Voorsien in ons daaglikse behoeftes. Voorsien nie in ons gierigheid nie.
- Beskerm ons teen gevare (stok) Beteken dit dat daar nie slegte dinge met ons gaan gebeur nie? Nee. Die Here beskerm ons teen meeste slegte dinge – maar ons lewe in 'n wêreld waarin daar slegte dinge met mense gebeur – tragedies (ongelukke, siektes, sterftes) – maar wanneer dit gebeur, dan skop die ander funksie van 'n herder in:
- Help (staf) Staan by, gee krag, gee uitkoms, rus ons toe vir die lewe en die uitdagings van die lewe.
- Lei – help ons om te kom waar Hy ons wil hê en waar dit vir ons die beste is – die Here lei ons na 'n lewe van liefde, vreugde en vrede

Wat moet ons doen om 'n kommerlose lewe te lei?

1) Bid

⁶ Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. ⁷ En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. (Fil 4:6-7)

As jy nie tyd het om te bid nie – dan moet jy tyd maak om bekommerd te wees. Bekommernis vreet baie meer tyd as die tyd wat jy in gebed verkeer.

⁷ Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.

2) Beywer jou allereers vir die koninkryk van God

³³ Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

Vir 'n kommervrye lewe is dit belangrik dat ons prioriteite sal reg wees. God se koninkryk moet eerste kom in ons lewens, nie ons eie nie. God se droom vir ons en nie noodwendig ons eie nie. Wanneer jou prioriteite reg is, dan val dinge in plek. Wanneer jy jou oë wegneem van jou eie belange en na die groter prentjie kyk dan kry jy perspektief. Jou eie probleme is skielik nie meer so groot nie en die dinge waaroor jy bekommerd is, is skielik nie meer so belagrik nie.

3) Leef een dag op 'n slag

³⁴ “Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.”

Wat is die beginsel agter hierdie woorde van Jesus?

Dit wat in die verlede gebeur het, kan jy nie verander nie. Dit wat in die toekoms gaan gebeur – het nog nie gebeur nie. So moet dit nie nou al hanteer nie! Beplan en voorberei, ja. (Byvoorbeeld: werksonderhoud. Berei voor op die moontlike vrae en glo dat die Here jou sal help om die vrae wat jy nie verwag nie te hanteer.) Moenie jou sambreel oopmaak voordat dit begin reën nie.

Die toekoms kan oorweldigend wees. (Leef een dag op 'n slag – maar wat nou as 'n klomp dae jou gelyk tref?) Gelukkig kan dit nie gebeur nie! Die Here gee vir ons 'n periode van 24 uur – die een na

die ander; nie gelyk nie – vir ons om te hanteer. Jy kan net die moment waarin jy jou nou leef hanteer. Jy kan nie die verlede verander nie en jy kan ook nie die toekoms beheer nie. Dit is God se terrein. En dit bring my by die volgende punt:

4) Neem die Here aan as jou Herder

Die Here kan nie jou herder wees as jy Hom nie toelaat om die Herder van jou lewe te wees nie. Wat behels dit? Dit behels dat jy die beheer van jou lewe aan die Here oorgee.

Bekommernis gaan te diepste oor beheer. As jy in beheer van jou eie lewe is – dan het jy *baie* om jou oor te bekommer! Maar wanneer ek die beheer van my lewe aan God gee – dan kom daar 'n rustigheid en 'n vrede oor my. Ons gee dikwels ons probleme vir die Here in gebed, maar wanneer ons amen sê – dan neem ons weer beheer oor; dan vat ons weer ons probleme terug.

Het jy al die Here aangeneem as jou Herder? Ek vra nie of jy 'n kerkmens of 'n Christen is nie. Ek vra of die Here regtig jou Herder is in jou lewe elke dag. Leef jy met kommer en kwellings? Dan is jy vir alle praktiese doeleindes 'n ongelowige.

Doen dit nou:

Hemelse Vader, dankie dat U my herder wil wees. Dankie dat U soveel vir my omgee en dat U betrokke wil wees in my lewe. U weet wat my op die oomblik kommer en kwel. Maar ek wil vandag in hierdie oomblik, die beheer van my lewe vir U gee. Wees van vandag af, die Herder van my lewe. Amen.

---ooo---000---ooo---

Volgende week: lewensmoegheid en uitbranding en die Here se oplossing daarvoor – nooi mense uit as jy iemand ken wat daarby kan baat vind.